

---

**April 2019**

### **Wêreldekonomie**

In die eerste kwartaal van 2019 het die VSA se BBP met 3,2% op 'n kwartaalgrondslag gegroei, geannualiseer. Dit vergelyk met groei van 2,2% op 'n kwartaalgrondslag in die vierde kwartaal van 2018 en 2,9% vir die hele 2018. Die BBP se prestasie in die eerste kwartaal van 2019 was baie beter as markverwagtings vir groei van 2,3% (Bloomberg, STANLIB 2,6% kwartaal op kwartaal). Die VSA se indiensneming het voorspellings in April oortref toe die werkloosheidskoers tot die laagste in 49 jaar gedaal het en loonverhogings effens laer was as wat voorspel is, wat kan beteken dat die huidige arbeidsmark steeds groei kan ondersteun sonder om inflasie aan te wakker. Die werkloosheidskoers het onverwags tot 3,6% gedaal, terwyl die gemiddelde uurverdienste se groei onveranderd op 3,2% gebly het, laer as wat voorspel is. Die Eurozone se bedrywigheid het April vir 'n derde maand ingekrimp, benadeel deur 'n swak wêreldwye vraag, stygende handelsproteksionisme en kommer oor Brittanje se komende onttrekking uit die Europese Unie, volgens 'n opname. China het hul Koopbestuurdersindeks (KBI) se data vir die vervaardigings- en nievervaardigingssektor bekendgemaak, wat baie slegter was as wat voorspel is. Afrika suid van die Sahara se groei sal na verwagting tot 5% styg, Suid-Afrika en Nigerië uitgesluit.

### **SA Ekonomie**

SA se verbruikersvertroue-indeks het tot +2 in die eerste kwartaal van 2019 gedaal (af van +7 in die vierde kwartaal van 2018), wat met die gemiddelde meting sedert 1994 strook, aangesien vooruitsigte van ekonomiese herstel onseker bly. Die ABSA Koop Bestuurders Indeks (KBI) data vir April het 'n verbeterde vlak van nywerheidsbedrywigheid aangedui, deur 47,2 punte vergeleke met 45 punte in Maart aan te teken. IHS Markit se KBI het in April tot 50,3 gespring, die hoogste meting sedert Junie 2018 en terug bo die 50 merk, wat uitbreiding aandui, met vervaardigers wat 'n effense verbetering in uitset en nuwe bestellings toon. SA het 'n handels surplus van R5 miljard in Maart aangeteken, aangesien groei in uitvoere vir die tweede maand agtereenvolgens die groei in invoere oortref het. Plaas- en fabriekshekinflasie, soos deur die jaarlikse verandering in die produsenteprysindex (PPI) gemeet is, het in Maart tot 6,2% versnel. Nuwevoertuigverkope het 'n opwaarse "welkome verrassing" getoon, met uitvoerverkope wat aanhou om "besonder" goed te presteer. Uivoerverkope het sterk groei getoon, wat 'n aansienlike verbetering van 53,8% aangedui het, vergeleke met voertuiguitvoere in April verlede jaar.

### **Tendense en geleenthede**

- Somige beleggers verwag dat die FED die VSA se rentekoers vanjaar sal verlaag.
- VSA se BBP is beter as markverwagtings.
- SA se nywerheidsaktiwiteit is besig om te verbeter.
- SA se inflasie is besig om te styg, hoofsaaklik weens die styging van die petrolprys.

*"Things always become obvious after the fact."* – Nassim N. Taleb, Author of **Black Swan**

---

**RvD de Kock**

**PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD

Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195

Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: [www.noblepp.co.za](http://www.noblepp.co.za)

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (56B)

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital

**STONEHOUSE**  
CAPITAL

Partnering the Exceptional